**Versoeke vir liefdadigheid voed negatiewe idees oor blindheid**

*Versoeke vir liefdadigheid bied ondersteuning vir dienste aan gesigsgestremdes, maar dit kan die sosiale status van mense met gesiggestremdhede skade berokken, skryf* **Michelle Botha***.

Die meeste organisasies wat ondersteuningsdienste aan mense met gesigsgestremdhede in Suid-Afrika verskaf, word as niewinsgewende organisasies bedryf. Hoewel hierdie organisasies wel staatsbefondsing ontvang, maak hulle dikwels geweldig staat op skenkings van die korporatiewe sektor en die publiek om kop bo water te hou. Ten einde openbare ruimhartigheid te ontgin, moet daar ’n duidelike boodskap wees wat sterk gevoelens opwek.

Versoeke vir liefdadigheidskenkings word dikwels gekenmerk deur die boodskap dat skenkings “’n verskil in gesiggestremde mense se lewens sal maak” en “help om mense met gesiggestremdhede op te hef”. Dit is bekende boodskappe en die invloed daarvan op die manier hoe die samelewing mense met gesiggestremdhede sien, word dalk maklik misgekyk. Skenkings van die publiek is baie belangrik om te verseker dat die organisasies finansieel lewensvatbaar bly, maar hierdie tipe versoeke kan ook ’n negatiewe siening van mense met gestremdhede skep.

Ons moet onsself op **Loslitdag** (3 September) daaraan herinner dat, ondanks wetgewing en beleide oor die insluiting van gestremdhede in die sfere van gesondheid, onderwys en indiensneming, die oorgrote meerderheid gestremde Suid-Afrikaners steeds sosio-ekonomies uitgesluit en gemarginaliseerd is. Persone met gestremdhede staar **ingewikkelde uitdagings** in ons samelewing in die gesig, insluitende ’n gebrek aan toegang tot gehalte-onderwys, werksgeleenthede, toeganklike en bekostigbare vervoer, sosiale ruimtes en inligting. Ons ontoeganklike samelewing veroorsaak dat mense met gestremdhede, wat ten minste **7,5% van die bevolking** uitmaak, grootliks onsigbaar bly. Wanneer persone met gestremdhede wel raakgesien word, is dit dikwels as die begunstigdes van openbare goedgunstigheid.

Oproepe om liefdadigheid is noodsaaklik om die verskaffing van belangrike dienste aan gesiggestremde mense te ondersteun, maar hierdie versoeke maak op boodskappe staat wat negatiewe idees oor gestremdheid vestig. Die materiaal wat organisasies vir hul openbare veldtogte gebruik, moet daarna strewe om persone met gestremdhede in die middel te plaas as sleutelbelanghebbendes, besluitnemers en agente van hul eie rehabilitasieprosesse, groei en ontwikkeling. Dit hoef nie noodwendig ten koste van versoeke vir finansiële steun aan die breër publiek te wees nie, maar die boodskappe wat hierdie versoeke vergesel, moet versigtiger oorweeg word.

Lees **hier** verder wat ****Dr Michelle Botha, ’n postdoktorale navorsingsgenoot by die Instituut vir Lewensloopgesondheidsnavorsing in die departement Globale Gesondheid aan die Universiteit Stellenbosch,*** oor die kwessie te sê het*.*